NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE ASHTON

Voltydse leraarspos (Termynkontrakte kan oorweeg word)

SLUITINGSDATUM: 31 OKTOBER 2017

Gemeenteprofiel:

Die gemeente is 'n plattelandse gemeente, 170 km vanaf Kaapstad geleë in die Breërivier Wynland. Die gemeente bestaan uit 241 besoekpunte, waarvan 158 op die dorp en 83 op die plase is. Die NG Gemeente Ashton bestaan uit 464 belydende lidmate en 175 dooplidmate. Die gemeente val binne die ring van Swellendam.

Leraarsprofiel:

Die kerkraad nooi gelegitimeerdes uit om aansoek te doen wat minstens aan die volgende voldoen:

1. 'n Toegewyde gelowige wat die Here liefhet en dien en geroepe is vir 'n bediening in 'n plattelandse gemeente.

2. Leierseienskappe besit met goeie menseverhoudinge wat na lidmate op alle sosiale vlakke en ouderdomme kan uitreik.

3. 'n Passievolle en pligsgetroue leraar wat eredienste lei as verrykende ontmoeting tussen God en die gemeente op 'n ontspanne en informele wyse.

4. 'n Sterk pastorale bewussyn wat die waarde van huis-, sieke- en bejaarde besoeke hoog ag.

5. Goeie organisatoriese vermoëns.

Fokusareas:

1. Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die pos. Skrifgetroue prediking en pastorale versorging van gemeentelede is van kardinale belang.

2. Leraar neem verantwoordelikheid vir die jeug en kategese.

3. Pastorale, siekebesoeke en geskeduleerde huisbesoeke is van kardinale belang.

4. Betrokkenheid van die leraarspaar op alle terreine van die gemeentelewe is vir ons belangrik

Vergoeding:

'n Vergoedingspakket op grond van die beginsel, Totale Koste vir Werkgewer, word volgens die riglyne van die Algemene Sinode aangebied. Vergoedingspakket is onderhandelbaar. Pastorie is ingesluit.

Aansoeke:

Aansoeke word vergesel van 'n onlangse CV en kontakbesonderhede van twee (2) referente wat gerig moet word aan:
Die Voorsitter, Kerkraad, by die volgende e-posadres, naamlik skribaashton@telkomsa.net
Stuur asb 'n onlangse foto van u gesin saam sowel as DVD van twee van u preke. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurte. Alle aansoeke sal as vertroulik hanteer word

Navrae: Alle navrae kan gerig word aan Mnr N Nel (082 771 6611).

Die Kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.